AKTE VAN OPSKORTING
VAN DIE KERKVERBAND

met die

RING VAN SUID-OOS BLOEMFONTEIN

en die

SINODE VAN DIE VRYSTAAT

en die

ALGEMENE SINODE

VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Aangesien die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Leeuwberg onwrikbaar staan by die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God, en

Aangesien die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Leeuwberg glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (*Confessio Belgica*), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God, en

Aangesien gemeentes, ampsdraers en lidmate van die Ring van Suid-oos Bloemfontein, die Sinode van Vrystaat en dosente by die teologiese opleiding aan die Universiteit van die Vrystaat en ander fakulteite, nie meer hierdie leer getrou verkondig en uitleef nie, en nie dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, weerlê en uit die kerk weer nie, en

Aangesien daar by meerdere vergaderinge van die kerkverband nie aan die kerklike orde gehou word nie, en

Aangesien die kerkverband nie met aandag en ywer besig is om die Koninkryk van God in ons geknelde land uit te brei deur die bevordering van die kennis van, vertroue in en gehoorsaamheid aan die Drie-enige God nie, en

Aangesien predikante met hulle gemeentes en dosente met hulle studente (*) onnadenkende, onkritiese en selfs roekelose en onverskrokke navolgers van die tydsgees geword het, op relatiewe en subjektiewe wyse met die Bybel omgaan, eie inhoud aan Bybelse waarhede oor die huwelik en seksualiteit, saamwoon van ongetroudes, die bestaan van die Bose en ander teologies-dogmatiese en teologies-etiese sake gee, en as bondgenote optree van ideologies gedrewe groepe wat die kerk en kerklike vergaderinge binnedring en die kerk en kerkvergaderinge vir hulle eie agenda gekaap het, en

** Erkenning gegee aan die feit dat dit nie in alle opsigte die geval is nie*

Aangesien ampsdraers en lidmate van die kerk, wat met die Woord van God, die Belydenis en die Kerkorde as maatstaf die werk van vergaderings en leidende persone beoordeel, se gegronde besware geïgnoreer, geminag, verdraaid voorgestel, liefdeloos geag, valslik weerlê en selfs uitgedaag word, en

Aangesien die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Leeuwberg sy besware op ordelike en grondige wyse aan die kerkverband bekend gemaak het saam met Bloemvallei gemeente, en vir 4 (vier) jaar daaroor doleer het, en die kerkverband weinig, indien enigsins, daarna geluister het, daaroor met die gemeente in gesprek getree het en daarvoor 'n oplossing gesoek het deur herderlike sorg, versoeningsaksies, kerklike mediasie of die hantering daarvan as 'n kerklike geskil, en

Daarom besluit die Kerkraad eenparig die volgende:

1. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Leeuwberg - handelend as Leeuwberg Gemeente - hou op om 'n dolerende gemeente te wees, nadat die doel van dolering, naamlik om die kerkverband op te roep om terug te keer na die Woord van God alleen (*sola scriptura*), na 4 (vier) hartseer jare nie op bekering en berou uitgeloop het nie, maar steeds deur die kerkverband in kerkvergaderinge en by die teologiese opleiding teengestaan is.

2. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Leeuwberg, synde 'n regspersoon in eie reg en volledig kerk, skort met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, seggenskap oor eiendom, finansies, werksaamhede, diensverhoudinge, ampsbevoegdheid en lidmaatskap van enige fonds en organisasie, die verband met die Ring van Suid-oos Bloemfontein, die Sinode van die Vrystaat en die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op, omdat so 'n stap voor God in die lig van sy Woord regverdig kan word.

3. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Leeuwberg behou haar identiteit as gemeente soos uitgedruk in die Skrif en die Belydenis.

4. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Leeuwberg is nie van voorneme om ná opskorting van die kerkverband as 'n onafhanklike gemeente te bly voortbestaan nie en sal, soos dit 'n gereformeerde kerk betaam, bly soek na gemeentes met wie daar op dieselfde grondslag, wat leer en lewe betref, in verband getree kan word.

5. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Leeuwberg behou die dienste van die leraars en ander besoldigde amptenare. Die Kerkraad of sy gevolmagtigde sal vanaf die datum van die opskorting van die kerkverband uitsluitlik die diensverhoudinge in die gemeente bestuur en oor tug en dissipline, ook wat die ampsdraers betref, beslis.

6. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Leeuwberg se opskorting van die kerkverband verander nie aan die lidmaatskap van die gemeente en die uitoefening van enige lidmaatskapregte nie. Dit sal egter enige lidmaat vrystaan om van gemeente te verander, indien so 'n lidmaat aan 'n gemeente wil behoort wat steeds in verband met die Ring van Suid-oos Bloemfontein, die Sinode van die Vrystaat en die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan. Insgelyks verander die ampsposisie, ampsverpligtinge en ampsvoorregte in die Gemeente op geen wyse nie.

7. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Leeuwberg se besluit tot opskorting van die kerkverband is onmiddellik van krag, maar word op twee agtereenvolgende Sondae aan die Gemeente gekommunikeer met die oog op approbasie en enige konstruktiewe inset vanuit die Gemeente wat betref die verdere pad vorentoe vir aanvullende goedkeuring deur die Kerkraad. Die enigste voorwaarde vir die bekragtiging van die besluit is dat die meerderheid van die Kerkraad en die meerderheid van die lidmate nie teen die besluite stem nie. Sou daar enige versoek tot revisie van die besluite van 'n ingeskrewe lidmaat ontvang word, sal die Kerkraad dit oorweeg en daaroor beslis.

8. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Leeuwberg sal na opskorting van die kerkverband ingevolge die artikels van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk soos tot en met die Algemene Sinode van 2015 die geval was, bly funksioneer, maar dan net soos op die Gemeente as die kerk van toepassing en met uitsluiting van die artikels wat die kerkverband reël, totdat daar deur die Gemeente tot kerkverband toegetree sal word met gemeentes wat Artikel 1 van die *Kerkorde* nie net geheel en al onderskryf nie, maar ook in leer en lewe volkome handhaaf.

9. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Leeuwberg neem hierdie besluite in biddende afhanklikheid van en in onvoorwaardelike gehoorsaamheid teenoor die Here van die kerk.

Besluite geneem by die Kerkraadsvergadering gehou op 14 Augustus 2023

Geteken:

Ds. Eddie Botha (Voorsitter)	Leraar	
Belinda Bann	Skriba	
Hettie Greyling	Kassiere	
Louwra Greyling	Vroue Bediening	
Anton Meyer	Gemeente Bediening	
Zelda Meyer	Selgroep Bediening	
André Gouws	Gebeds Bediening	
Louis Mostert	Getuienis Bediening	
Marieke Botha	Musiek Bediening	
Ilza Koen	Barmhartigheids Bediening	
Kobus van Vuuren	Diens Bediening	
Elmien Putter	Gasvryheid Bediening	
Riaan Potgieter	Kommunikasie Bediening	
Sonnet Gouws	Finansiële Bediening	
Lillian Engelbrecht	Jeug Bediening	